



**higher education
& training**

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NATIONALE SERTIFIKAAT EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

13 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 A
- 1.2 C
- 1.3 B
- 1.4 A
- 1.5 C
- 1.6 B
- 1.7 A
- 1.8 B
- 1.9 A
- 1.10 A

(10 × 1) [10]

VRAAG 2

- 2.1 F
- 2.2 J
- 2.3 H
- 2.4 A
- 2.5 G
- 2.6 B
- 2.7 C
- 2.8 D
- 2.9 N
- 2.10 O
- 2.11 I
- 2.12 M
- 2.13 K
- 2.14 L
- 2.15 E

(15 × 2) [30]

VRAAG 3

- 3.1 Waar
- 3.2 Waar
- 3.3 Waar
- 3.4 Onwaar
- 3.5 Waar
- 3.6 Onwaar
- 3.7 Waar
- 3.8 Onwaar
- 3.9 Onwaar
- 3.10 Waar

(10 × 1) [10]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

- 4.5
- Onderwysers neem die kinders se optrede waar en teken dit op terwyl die kinders besig is om met die blokkies te speel.
 - Hulle help die kinders om ontvanklike en uitdrukkingsvolle taal te ontwikkel deur vrae met 'n oop einde te vra ten einde gesprek aan te moedig en sodoende geleenthede te skep om die kinders se denkprosesse te verbreed.
 - Hulle moedig die kinders aan om te redeneer deur 'redeneertipe vrae' te vra soos: 'Wat gaan gebeur as jy daardie blokkie heel bo neersit?', 'Watter ry is die grootste en watter een is die kleinste?', 'Hoeveel blokkies hoog is daardie struktuur?' of 'Is jou toring hoër as jou maatjie s'n?' (3 × 2) (6)
- 4.6
- Leer om die toerusting veilig en korrek te gebruik. Die toerusting kan vergrootglase, mikroskope, magnete, skale, siwwe en weegvoorwerpe insluit.
 - Teken en skryf om resultate en ontdekkings te boekstaaf.
 - Praat oor dit wat die kinders sien, voel, proe, hoor, ruik en ontdek.
 - Neem veranderinge waar: Die kinders kry geleentheid om hul waarnemingsvaardighede te ontwikkel en veranderinge en verskille te identifiseer, soos veranderinge in materie, byvoorbeeld hoe ysblokkies smelt.
 - Lees boeke om wetenskapsbegrippe en verdere eksperimente te verken.
 - Voorspel: Kinders bespreek die moontlikhede van dit wat in die eksperiment kan gebeur.
 - Vra vrae: Wetenskapeksperimente moedig nuuskierigheid en baie vrae aan.
 - Verken die natuurlike omgewing soos buitemuurse natuurgebiede.
 - Gebruik die vyf sinne, byvoorbeeld reuk- en tastsintuig asook tasdiskriminasie.
 - Oorweeg wiskundebegrippe, byvoorbeeld die vergelyking van grootte en gewig.
 - Los probleme op, byvoorbeeld: Hoe gaan ons die ys laat smelt? Gaan ons dit in die klaskamer hou, in 'n pan kook of in die son los?
 - Verken oorsaak en gevolg met behulp van materiale, soos dat ysies in die son sal smelt. (Enige 10 × 1) (10)

- 4.7
- Rig 'n buitenshuise weerstasie op sodat die kinders praktiese ervaring kan opdoen wanneer hulle weerdata insamel en neerskryf. Sluit 'n termometer, barometer en ander weermetingsinstrumente by die stasie in.
 - Jy kan ook 'n weeropspoorstasie oprig en weerinligting druk of uit die koerant van die vorige dag knip sodat die kinders dit op 'n weerkaart kan invul. Die kinders kan die temperatuur en vogtigheidsvlakke van elke dag naspour.
 - Die kinders kan die verskillende weerverwante tonele vir elke dag in hul joernaal teken. Elke kind het dan iets waarop hulle kan terugkyk om 'n oorsig te kry oor dit wat hulle van die weer en die klimaat geleer het.
 - Sit tyd opsy om die kinders se inligting asook hul waarnemings oor die weer te bespreek. Is daar byvoorbeeld seisoenale veranderinge in die natuur? Verstaan die kinders wat die temperatuur laat styg of daal? Verstaan die kinders die kenmerke van elke seisoen? Bespreek 'n verskeidenheid weerinligting soos die feite wat deur die Weerkanaal gedeel word.
 - Talle nuusstasies plaas hul weervoorskattinge op rekord en plaas dit dan aanlyn sodat kykers daarna kan kyk. Dit bied 'n geleentheid om as klas na die plaaslike weervoorskatting te kyk en oor die voorskatting en nuwe weerwoorde te praat. Jy kan ook kies om die plaaslike weervoorskatting in 'n koerant of op 'n weerverwante webtuiste te lees.
- (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 5

- 5.1
- Groepsprojek – Bou die kliniek met materiaal in die bouhoekie, soos met bokse en bykomstighede en deur klein houtblokkies, mense en voertuie te gebruik.
 - Elke kind kan 'n stetoskoop maak.
 - Verfaktiwiteit – Verf die mense wat by die kliniek werk, byvoorbeeld 'n verpleegster.
- (3 × 2) (6)
- 5.2
- Maak seker dat 'n volwassene te alle tye toesig oor die kinders hou. Onthou die algemene reël oor toesighouding: As jy die kinders nie kan sien nie, is jy nie besig om toesig oor hulle te hou nie. Personeel en/of vrywilligers moet behoorlik beheer oor die kinders uitoefen.
 - Die kinders wat op uitstappies gaan, kan oeropgewonde raak en wil dikwels graag op hul eie verken. Vestig 'n proses waarvolgens al die kinders en personeel gereeld getel word, periodiek en wanneer die aktiwiteite verander (soos net voordat daar met die terugkeer in die bus geklim word).
- (2 × 2) (4)

- 5.3
- Hoe goed het die kinders die aktiwiteite reggekry betreffende hul beginpunt en vermoëns?
 - Het hulle dit geniet om aan die aktiwiteite deel te neem?
 - Was die kinders aktief betrokke, kreatief en kritiese denkers?
 - Hoe goed kon hulle die aktiwiteite selfstandig regkry?
 - Was bepaalde groepe (of individue) se vordering beter of slegter as ander s'n?
 - Hoe was die kinders se houding teenoor die aktiwiteite, insluitende hul begeerte om deel te neem en hul gewilligheid om keuses uit te oefen?
 - Hoe het die kinders opgetree, deelgeneem, saamgewerk en met ander gedeel? (Enige 5 × 2) (10)
- 5.4
- Fisiek – Liggaamlike fiksheid behels eenvoudige strek-, buig-, draai- en ander bewegings.
 - Die bewustheid van bewegings en liggaamsposisies – Verbeter balans, koördinasie en ritme deur middel van dans- en bewegingsaktiwiteite.
 - Uitdrukking van emosies – Kinders se welstand kan in groot mate verbeter word as hulle eenvoudige bewegingsaktiwiteite doen.
 - Verbeeldingsaktiwiteite, byvoorbeeld om soos 'n beer te loop of om ander diere se manier van loop na te boots, kan bewegings aanmoedig wat die kind self uitdink.
 - Probleemoplossings- of kognitiewe vaardighede soos om te tel, kleure te identifiseer of liggaamsdele te leer wat tydens die aktiwiteite gestimuleer word.
 - Deelname in 'n groep – Samewerkingspeletjies en -aktiwiteite leer die kinders om saam te werk en te speel in plaas daarvan om altyd te kompeteer.
 - Een voorbeeld van 'n speletjie is 'strandbalbalansering', waarvolgens twee of meer kinders 'n strandbal tussen hulle vashou sonder om hul hande te gebruik.
 - Verfynde luistervaardighede – Kinders merk veranderinge in die tempo of toon van musiek op.
 - Die verbetering van fyn motoriese vaardighede – Kinders leer vingerspeletjies en om musiekinstrumente te bespeel. (Enige 5 × 2) (10)
- 5.5
- Dra klokkies terwyl jy dans.
 - Dans met linte wat aan ringe vas is.
 - Beweeg soos seediere.
 - Sing saam en beweeg op maat van aksieliedjies (bv 'Eendjies, Eendjies').
 - Beweeg op die maat van prettige musiek en laat die kinders op die maat daarvan loop, spring, swaai of hul lyfies draai. (5)

- 5.6
- Hindernisbaan – om oor voorwerpe te beweeg en deur tonnells te kruip
 - Sporttoerusting – soos balle en kolwe
 - Boontjiesak-aktiwiteite – om die boontjiesak vir maatjies te gooi, nader aan mekaar en verder van mekaar te beweeg, verskillende liggaamsdele (hande, elmboë, koppe) in te span en van punt tot punt te beweeg
 - Hoepel-aktiwiteite – hardloop na die rooi hoepel toe, maak of jy 'n kar is, of spring soos 'n hasie oor na die blou hoepel
- Eier-en-lepel-resies – gebruik plastiekeiers om van punt tot punt na mekaar te hardloop terwyl die eier bo-op 'n lepel gebalanseer word (5)
- 5.7
- Rol die bal – Die kinders staan in 'n kring en rol die bal sonder om hul hande te gebruik.
 - Plaas die bal tussen die knieë.
 - Twee kinders staan teenoor mekaar en gooi die bal na mekaar.
 - Hou die bal onder jou arm en loop op 'n paadjie heen en weer.
 - Gooi die bal na die kind wat voor in 'n tou staan. Dié kind vang die bal en gee dit oor sy of haar kop na die kind agter hom of haar aan. Dit word herhaal totdat die laaste kind in die tou die bal in 'n emmer ingooi en dan na die voorkant van die ry toe hardloop, waar daar weer met die balaflos begin word. (5 × 2) (10)
- [50]**

VRAAG 6

- 6.1
- Tandarts
 - Verpleegster
 - Polisiebeampte
 - Wildlife Outreach Centre
 - Diereskuilings, die DBV of enige ander dierebeskermingsgroep, om die kinders oor die versorging van troeteldiere te leer (5)
- 6.2
- Verfaktiwiteit – Doen vingerafdrukke of handafdrukke: 'Ons stuur 'n "vat-vyf" om dankie te sê'.
 - Maak polisie kentekens met behulp van aluminiumfoelie.
 - Maak 'n polisiemotor met behulp van materiaal wat in die bouhoekie beskikbaar is. (3 × 2) (6)
- 6.3
- Tamboeryne
 - Eierskudders
 - Pols- en enkelklokkies
 - Driehoekies
 - Marakkas
 - Tromme
 - Ritmestokkies (Enige 6 × 1) (6)

- 6.4
- Dribbel
 - Gooi
 - Vang
- (3)
- 6.5
- Skudders kan gemaak word deur saadjies, macaroni, krale, boontjies, ertjies, rys of ander klein voorwerpies binne-in plastiekhouders met deksels, plastiekbottels of filmhouertjies in te gooi.
 - Marakkas kan gemaak word van papiersakkies wat met saadjies, macaroni, krale, boontjies, ertjies, rys of ander klein voorwerpies gevul word en dan met gare vasgebind word.
 - Snaarinstrumente kan van tou of rekkies en skoen-, snesie- of macaronibokse gemaak word.
 - Leë koffieblikke of babamelkblikke kan as basiese tromme gebruik word.
 - Veerklokkies kan gemaak word deur klokkies op 'n rekstrook vas te werk.
 - Tamboeryne kan van herwinde tinpasteiborde en enigiets kleins wat uit metaal bestaan (soos skuifspelde, los sleutels, knope, klokkies) gemaak word. (Enige 5 × 2)
- (10)
- 6.6
- Die kinders ontwikkel groot en fyn motoriese vaardighede wat help om spiertonus in hul hande en arms te ontwikkel.
 - Hulle ontwikkel 'n gevoel vir maat ('beat') en ritme.
 - Hul oog–hand-koördinasie word versterk.
 - Deurdat die kinders 'n musiekinstrument bespeel, word verbeeldingspel en storievertelling met die nodige klankeffekte aangemoedig.
 - Dit verhoog luister- (en daarom lees-) vaardighede.
 - Dit versterk en beklemtoon selfdisipline en selfbeheersing.
 - Die begrip van musieknotasie (in die eenvoudigste vorm), musiekdinamiek en musiekformaat word verbeter.
 - Die kinders ontwikkel patroonvormingsvaardighede en leer basiese wiskundebegrippe van opeenvolging, numeriese volgorde, vorentoe en agtertoe tel en optelling/afrekking (by gevorderde leerders).
 - Hulle ontwikkel 'n begrip van waar klank vandaan kom en hoe dit verander (na gelang van die musiekinstrument wat bespeel word).
 - Hulle ontwikkel 'n gevoel vir spanwerk en sosiale vaardighede, soos om te deel, beurte te maak, en so meer.
 - Hierdie aktiwiteit ontwikkel 'n gevoel vir kultuurbewustheid. (Enige 10 × 1)
- (10)

- 6.7
- Skat musiek na waarde en besef dat die vroeë bekendstelling aan musiek in kinders se lewe van groot belang is.
 - Wees 'n voorbeeld van iemand wat in musiek belangstel.
 - Sluit musiek by die daaglikse program in.
 - Wees bereid om die kinders se lewe met musiek te verryk en poog om jou eie musiekvaardighede te verbeter.
 - Tree op 'n lighartige manier met die kinders en musiek in wisselwerking.
 - Maak van toepaslike musikale materiaal en onderrigtegnieke gebruik.
 - Spoor die toepaslike musiekhulpbronne op, of skep dit en/of soek na hulp om sodanige hulpbronne te verkry.
 - Maak musiekinstrumente saam met die kinders.
 - Wees sensitief en buigsaam wanneer die kinders se aandag van jou oorspronklike plan afgelei word.
 - Moedig ouers aan om positiewe musikale ervarings aan hul kinders te bied.

(10)
[50]

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200